

Meer as oorwinnaars

- Die laaste geval van Covid 19 in Rusoord is Dinsdag uit die blou gang. Daar was weer iemand getoets maar gelukkig negatief gewees, maar inwoners is nog steeds in hul kamers.
- Ds Dirk Myburgh is opgeneem in die hospitaal vir kankerbehandeling. Ons gebede is met hom.
- Martin Odendaal is Dinsdag aan sy ooglid geopereer, hy het baie pyn. Bid asb vir sy volkome herstel.
- Dink steeds in u gebede aan Fanie en Marietjie wie se seun Rohan gesterf het. Die tragiese einde maak dit vir hulle 'n moeilike rouproses.
- Sus Boshof se dogter Susan beleef beter gesondheid, ons loof die Here daarvoor.
- Marie Du Toit word later in die maand oorgeplaas na 'n versorgingseenheid, ons bid dat dit vir haar ten goede sal uitwerk.
- Lizelle Ferreira en Wikus Pienaar tree Saterdag die 12e in die huwelik. Mag hulle vreugde ervaar en goeie tye saam beleef!

CHRISTELIK MAATSKAPLIKE RAAD [CMR FAERIE GLEN]

FOKUS:

Halfdag sekretaressie vir CMR Faerie Glen kantoor.

POSVEREISTES:

Sterk administratiewe vaardighede, Rekenargeletterdheid, Sekretariële opleiding, Passie vir mense in nood / ontvangs van kliënte

Werksure:	5/8 ste pos
Standplaas:	NG Kerk, Glenwoodweg, Faerie Glen
Salarispakket:	Onderhandelbaar
Navrae en aansoeke:	Mev H van der Merwe,
E-pos:	henda@cmroos.co.za / info@cmroos.co.za
Sluitingsdatum:	16 September 2020
Onderhoude:	21 September 2020

Prediker: Ds Gideon Du Toit

Skriflesing: Genesis 15

Tema: Sy Verbond met ons

Lied: 190 en 518




Wees op die regte Plek Stephan Joubert

“Location, location, location!” So sê eiendomsagente graag. Die regte adres is alles. Dit geld ook vir navolgers van die Here. Met name is die regte adres vir ons almal die Here se wingerd. In Lukas 13:6-9 vertel Jesus van hierdie wingerd waarvan Sy Vader die Eienaar is. Hyself is hier voltyds aan die werk as Tuinier. Hier sorg Jesus vir vrugte in oorvloed. Hier versorg Hy ook daardie een vyeboom wat nutteloos en sonder vrugte in die wingerd rondstaan. Jesus plaas sy eie reputasie op die spel deur al die werk in die wingerd te doen sodat hierdie boompie kan vrugte dra.

Ek het 'n vermoede ek en jy is dalk hierdie vrugtelose vrugteboom wat net spasie opvat in die Here se wingerd. Maar ek weet iets aardskuddend - ek weet die hemelse Tuinier gee nie op met jou en my nie. Hy het 'n seisoen van grasia vir ons bewerkstellig, 'n seisoen van hemelse bemesting. Daarom vertoef ons in sy wingerd. Ons kyk elke dag waar die Here is, dan sorg ons dat ons daar is. Daar is die wingerd. Daar reën dit seën. Daar neem die regte vrug vorm aan. Wees saam met my daar.

Die Dankbiddiger
6 September 2020

Ek leer by my skaaphond – 5



Verlede keer: Lassy leer om Philip te vertrou en sy stem en stemtoon te onderskei en dadelik daarop te reageer. Haar lojaliteit en gehoorsaamheid het gegroei en sy het die en avontuur by haar meester baie geniet.

Lassy het in haar hart “huis toe” gekom omdat sy iets van Philip se liefde en onvoorwaardelike aanvaarding vir haar, verstaan het. Na die besondere dag toe hulle verhouding bevestig is, was haar lewe gekenmerk deur diepe toewyding en lojaliteit aan Phillip. Sy het gegroei in haar gehoorsaamheid aan hom en sy was toenemend gewillig om na sy stem te luister en sy wense onmiddellik uit te voer. Sy was ook altyd gereed vir aksie.

In plaas van die aggressiwiteit, ongehoorsaamheid en afwysing, van haar ou lewe, het sy soos ‘n skduwee vir Philip geword – waar hy hom bevind het, daar was sy. Haar grootste begeerte was om by hom te wees en hom te plesier, en stelselmatig het die welsyn van “hulle” skape haar grootste fokus en dryfveer geword.

Sy leer stelselmatig die waarhede en uitdagings van skaapboerdery, en van skape – ooie, ramme, en lammertjies - ken. Verder leer sy om die reuk van die spore van wildsbokke, en jakkalse en ander roofdiere en otters te onderskei.

In die proses het ook haar ingebore instinkte stelselmatig na vore gekom - sy het ook onbewustelik die doel waarvoor sy geteel is, begin beleef en met vreugde en opwinding daarin gegroei.

Hoewel die nuwe omstandighede vir haar aangenaam was, was haar grootste vreugde om net by hom te wees. Sy het soos sy skaduwee geword, hom gedurig opgesoek en wou net by hom wees. Sy het ‘n eenman-hond geword – haar lewe het om Philip gedraai, in so ‘n mate dat as hy nie tuis was nie, sy nie geëet het nie totdat hy terug was.

Lassy het oor potensiaal en gawes en vaardighede beskik, wat in die regte verhouding, na vore gekom het en vir haar eienaar en die skape baie voordele en seën ingehou het. So ons ook, die Here het ons “op ‘n wonderbaarlike wyse geskep” en wat Hy gedoen het, vervul ons met verwondering” (Ps 139:14). In ‘n verhouding met Hom, kom die beste in ons na vore, leer Hy ons vaardighede, en gebruik Hy ons om ‘n seën vir die gemeente en die koninkryk te wees.

Hy wil egter die hooffokus van ons lewens wees, sodat Hy ons lewens sinvol kan maak. Hy wil ons leer aangaande dit waarby Hy ons wil betrek, ons help om vaardig te wees en met kennis en wysheid op te tree; om die spore en optrede van ons vyand te ken, en ons “skape” te help beskerm.



Baie geluk aan almal wat verjaar :

6 - 12 September

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
De Villiers	Lenie	09/06		0722972716
Fraser	Annette	09/06		0721749184
Strydom	Hendre	09/06	012 664 2106	0824033530
Fourie	Rainere	09/07		082 925 6709
Kilian	Destiny	09/07		0827755606
Kriek	Jaco	09/07		0798515040
Schafer	William	09/08	012 664 0918	
Smith	Maureen	09/08		
Kriek	Lorrie	09/09		0812441751
Stoop	Christiaan	09/09		0836629138
Vosloo	Lane	09/09		
Reynecke	Sarie	09/10	012 664 3099	0829643047
Wessels	Maré-Elize	09/10		0835589512
Warden	Andre	09/11		0741121586
Botha	Borie	09/12	012 664 4436	
Odendaal	Marichen	09/12	012 644 0911	0837313171
Smith	Megan	09/12		
Van Sittert	Janie	09/12		083 5670 346

Want ons behoort aan God

Baie geluk aan die volgende persoon waarvan bewys van lidmaatskap ontvang is.

Hena Venter